Tema: Christus is die wonderlikste openbaring van God ooit! Kom ons verwonder ons weer oor Hom en gryp styf vas aan Hom sodat ons nie moedeloos word nie!

Lofsang met die oog op die erediens
Sb 3-2: 1, 2, 3, 4 (Mel van Sb 18-6)
Lied 164 : 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 175:1
Votum
Seën
Loflied: Lied 168: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis: NGB artikel 10
Sing Sb 12-5: 1

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eks 20
Sing Sb 9-2: 8, 9
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Hebreërs 1: 1 - 2: 4
Teks: Hebreërs 1: 1 – 4
Sing Sb 3-6: 1
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite (sendelinge wat deur ons gemeente ondersteun word);
Sing Lied 428:1, 3, 4
Seën
Amenlied Sb13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Mense word gewoonlik aangegryp en gemotiveer deur iets of iemand wat buitengewoon goed of groot of wonderlik is. Wanneer sportmense een of ander buitengewone prestasie behaal, dan stroom die mense om dit te sien en hulle word gemotiveer deur en raak opgewonde oor wat die persoon kan doen.

Hosain Bolt, die beroemde kortafstand atleet, is seker een van die beste voorbeelde van so iemand. Die man het die hele wêreld aan die praat gehad met sy ongelooflike talent. Sy verbysterende spoed en die gemak waarmee hy sy oorwinnings behaal het, het die mensdom aangegryp. Almal was gaande oor hom. Hier in ons eie land is Wade van Niekerk besig om op dieselfde wyse vir homself naam te maak en mense stroom na die atletiek byeenkomste om te kyk of hy ŉ volgende nuwe en buitengewone prestasie gaan bereik. Net gister het hy sy beste tyd ooit in die 400 m gehardloop. Mense word geïnspireer deur wat die man kan doen.

Groot en opspraakwekkende dinge trek mense en dit inspireer hulle. Dieselfde gebeur bv. in die gesondheidsindustrie. Medisynemaatskappye kompeteer met mekaar om die wonderkuur vir ŉ siekte te ontwikkel en die oomblik as dit lyk asof daar een of ander wondermiddel ontdek is, dan wil almal dit hê en dit gryp mense aan. Dit is nou eenmaal hoe ons is.

Ook op die gebied van leierskap sien ons hierdie verskynsel. Sodra dit lyk asof iemand na vore kan tree wat dalk wonderlike dinge vir mense kan doen of beteken dat stroom mense daarheen. Mens word aangegryp deur die persoon se idees of persoonlikheid en dit motiveer hulle. Die Angus Bachan gebeure is ŉ baie goeie voorbeeld hiervan.

Ryk en welvarende en beroemde mense trek en inspireer ander! Mense word soos motte aangetrek na die doen en late van ryk en beroemde mense want hulle glo dat hulle dan op ŉ manier deel aan die rykdom en roem van ander.

Die waarheid is egter dat al hierdie wonderlike prestasies en buitengewone dinge wat bereik word en waarna mense jaag, tydelik van aard is. Dit gaan verby en sodra iets groters of beters beskikbaar word, dan vergeet almal van die Hosain Bolts van die wêreld en jaag die volgende grootheid na.

En nou is die vraag, brs en srs, gebeur dit nie ook in ons geloofslewe nie? Soek ons nie ook voortdurend na iets of iemand groot of opspraakwekkend wat ons weer opnuut kan moed gee of motiveer nie? Raak ons verveeld of gewoond aan die bekende sodat dit nie meer impak op ons geloofslewe maak nie?

Gebeur dit nie juis in tye wat gelowiges swaarkry dat hulle uit moedeloosheid angstig soek na nuwe dinge of mense wat hulle kan help of bemoedig nie? Is daar nie iets

nuuts wat ons kan aangryp en waaroor ons opgewonde kan raak nie? Is daar nie nuwe openbaringe of nuwe maniere van bid of eredienste hou of doen wat ons weer ŉ bietjie kan motiveer en waaroor ons opgewonde kan raak nie? Sal dit nie met my beter gaan as ek op ŉ ander manier die Here dien nie?

En daarom nou die persoonlike vraag aan jou: br. en sr: wat motiveer jou in jou geloofslewe? Wie of wat is jou krag en gee jou moed in die lewe? Wie of wat van God of van die Bybel of van kerkwees of van gelowig wees maak jou opgewonde en gryp jou aan en motiveer jou? Wie of wat troos jou of gee jou moed?

God sê vanmore vir ons: Christus is die wonderlikste en kragtigste openbaring van God ooit! Daar kom nie ŉ beter of groter wonderwerk as Jesus nie! Hy is die grootste wat jy ooit sal sien en die beste wat God ooit vir jou wou gee! Kom ons verwonder ons vanmore weer opnuut oor Hom en ons gryp vas aan Hom sodat ons altyd nuwe moed en krag kan kry. Dat ons nie moedeloos sal word nie!

Kom ons kyk eerstens na die onvergelykbare en onverhaalbare grootheid van Christus en wat Hy vir ons beteken
En tweedens kyk ons hoe ons op hierdie wonderlike openbaring van God moet reageer.

Die brief aan die Hebreërs is bedoel om Christene wat moedeloos en moeg begin word het, weer aan te spoor om kragtig in die geloof te lewe. Die skrywer begin om dit te doen deur heel eerste die lesers weer in verwondering voor Christus te laat staan! Hy is die grootste en finale openbaring van God - baie groter as alles wat God van Homself in die Ou Testament geopenbaar het.

Waarskynlik was die boodskap gerig aan Joodse gelowiges wat die Ou Testament goed geken het en baie waarde daaraan geheg het. Hierdie gelowiges was ook om een of ander rede gefassineer deur die engele. Engele het in hulle geloofslewe ŉ belangrike rol gespeel en waarskynlik het dit hulle aandag weggetrek van Christus.

Die skrywer begin deur te sê dat God in die verlede – daarmee bedoel hy die tyd van die Ou Testament - op baie maniere en op verskillende tye Homself deur die profete geopenbaar het. Die profete het visioene ontvang, hulle het drome gedroom, God het vir hulle openbaringe gegee en hulle moes dit op baie wyses aan die volk oordra. Hulle moes preek, baie keer simboliese handelinge doen om die boodskap oor te dra en baie keer moes hulle eie lewe iets spreek van dit wat God vir die volk wou sê.

God het Homself op baie wonderlike en aangrypende maniere in die Ou Testament geopenbaar. Dink maar aan die vuurkolom en wolkkolom in die woestyn en die Rooisee wat God in twee gedeel het om die volk te laat deurtrek. Dink aan die magtige openbaringe by Sinai met die wetgewing en nog vele wonderlike dinge wat

God vir die volk in die Ou Testament gedoen het! Talle wonders en ongelooflike dinge wat die volk aangegryp en gemotiveer het om in God te glo en te volhard.

Maar sê die skrywer: "in hierdie laaste dae" – in die tyd van die Nuwe Testament wat die laaste en finale openbaring van God is, het Hy met ons gepraat deur die Seun! Christus is die heerlikste en die grootste en die laaste openbaring van God! Buiten Hom is daar nie iets groters, nuwer of beters nie! Hy is dit!

Hy is groter en beter as God se openbaringe in die Ou Testament. Alles van die Ou Testament staan vas en is geldig, maar dit was nie volkome en finaal nie! Dit ou bedeling het geroep en gewys na ŉ finale en nuwe bedeling wat God sou laat aanbreek en dit is Jesus Christus – die seun van God! Hy is die volkome en die beste van God se openbaringe! Na Hom kom niks meer nuut nie! Behalwe die ewige bedeling wat met Christus se wederkoms sal aanbreek en in daardie sin is daar niks nuuts of beters nie!

Geliefdes, kom ons kyk met nuwe oë na Jesus! Hoekom is Hy die grootste, finale en wonderlikste openbaring van God ooit? Die skrywer gee 7 feite oor Christus:

1. 2 Feite oor Christus voor sy menswording
2. 4 Feite tydens sy menswording
3. 1 Feit na sy menswording

Kyk in vers 2 die feite oor Christus voor sy menswording:

1. Christus is deur God aangestel as erfgenaam van alles – Dit beteken dat Christus alreeds voor die skepping van die wêreld aangewys is as die een wat alles sou ontvang! Die belofte is reeds voor sy menswording gemaak en daaraan kon Christus vashou tydens sy lewe op aarde! Dit wat met Hom sou gebeur sou uitloop op ŉ heerlikheid wat groter is as wat Hy op aarde sou beleef!

   Wat beteken dit vir jou en my? Doen God nie met ons dieselfde nie! Het Hy nie in Christus reeds vir die belofte gegee dat ons alles saam met Christus sal erf nie? ŉ Belofte waaraan ons nou kan vashou- al gaan dit ook hoe moeilik en al sien ons ook hoe min van God se koninkryk op aarde – ons moet weet dat God hierdie belofte sal waar maak! Ons sal saam met Christus alles erf! Het jy geweet dat ons so ryk in Christus is? Glo jy dit nog?

2. Die tweede feit voor Christus se menswording is die feit dat God alles deur Christus gemaak het. Christus is medeskepper van alles wat bestaan! Johannes beklemtoon dit in Joh. 1: 3: "Alles het deur Hom ontstaan. Nie ŉ enkele ding het sonder Hom ontstaan nie." Alles wat ek en jy kan sien en wat in die skepping bestaan is deur Christus se hande gemaak!

Wat beteken dit vir jou en my? Sal Christus ons en alles wat Hy om ons geskape het tot niet laat gaan? Is Hy nie in vermoë om jou en jou wêreld in stand te hou nie? Hoekom twyfel jy dan aan Christus se krag en vermoë as dit met jou swaar gaan? Hoekom gaan soek jy hulp op ŉ ander plek! Hoekom dink jy dat mense of geld of goeters jou meer sal kan help as Jesus – die Skepper van alles! Glo jy dat jy nog in die krag van die Jesus se skepperhand leef?

En toe verskyn Christus op aarde om vir ons die volkome openbaring van God te gee. Oor sy menswording sê die skrywer in vers 3 vier dinge.

1. Jesus is die afskynsel van God se heerlikheid! In die Ou Testament kon mense God nie sien nie! In Christus kon mense die heerlikheid van God sien. Die woord "afskynsel" wat hier gebruik word dui op twee dinge. Dit beteken eerstens weerkaatsing. Christus is soos ŉ spieël waarin ons die weerkaatsing van God se heerlikheid kon sien. Maar tweedens beteken die woord ook "uitstraling"! Christus is nie net die spieël waarin die strale van die son kon sien nie, Hy is die lig self – Hy is God self. Die lig van goddelike heerlikheid skyn uit Homself!
   Wat beteken dit vir jou en my? Jesus is die bewys dat God bestaan! Hy het God weerkaats, maar meer nog: Hy is God self! As ek en jy God self in Jesus kan sien – hoekom twyfel ons dan of God bestaan en of Hy werklik vir ons omgee! As God self na ons toe kom in Christus – wat sal Hy dan van my en jou weerhou of nie vir ons wil gee nie! As jy bang word, as jy alleen voel, as jy wonder of God regtig vir jou omgee: kyk dan na Jesus: Hy is God self – die bewys van God se bestaan – skep moed! Weet en glo dat God in Christus by jou is – Hy is Immanuel – God by jou en dat niks jou ooit uit die hand van God kan ruk nie – Nie die duiwel nie, nie swaarkry of beproewing nie – Niks sal jou ooit weer van God kan skei nie.

2. Die tweede feit oor Jesus se menswording word beskryf dat Jesus die afdruksel van God se wese is! Die woord wat hier gebruik word dui op die afdruksel wat ŉ stempel maak. En die prentjie wat die stempel maak lyk presies soos die stempel self! Jesus is die prentjie van God en bestaan self as God.

   Wat beteken dit vir my en jou? God jou ook die afdruksel van sy wese gemaak! Jy is ook ŉ prentjie van God en Jesus het gekom om daardie prentjie te herstel sodat ek en jy ook weer God se beeld in hierdie wêreld kan wees. Deur soos Jesus te leef weet ek en jy nou ook hoe om God se beeld hier op aarde te wees. Weet jy hoe kosbaas is jy in God se oë. Jy is nie sommer net ŉ mens nie! Wat mense ook al oor jou dink of se – weet dat God jou sy beeld gemaak het en dat Jesus jou kom leer het hoe om te leef. Moet dan nooit min van jouself dink of dink dat jy onbelangrik is nie. Jy is die afdruksel van God se stempel.

3. Die derde feit oor Jesus se menswording is dat Hy ook alles deur sy krag in stand hou. Hy het kom herskep en dit wat Hy herskep het, dit hou in stand met al sy mag en krag!
   Wat beteken dit vir my en jou? Christus sal jou dra en onderhou! Hy sal jou nooit tot niet laat gaan nie! Waarom sal ek en jy dan by iets of iemand anders ons hulp gaan soek? Christus is die enigste wat ons kan dra! Glo jy dit?

4. Die vierde feit oor Christus se menswording is die bekendste! Dat Hy ons van ons sonde kom verlos het. Hy het ons skoon gewas sodat ons weer voor God kan verskyn en God ons nie straf oor ons sonde nie.
   Wat beteken dit vir jou en my? Alleen by Christus is daar redding! Niemand of niks anders kan jou met God versoen of by God uitbring nie. Geen mens of geen daad of geen geld nie – net Christus? Glo jy dit nog? Hoekom soek jy en ek dan op ander maniere paaie na God?

En dan sluit die skrywer af om een feit te gee na Christus se menswording. Dat Hy opgevaar het na die hemel en dat Hy nou daar die Koning van die wêreld is. Hy regeer oor alles en almal en Hy het die grootste en belangrikste naam ontvang – baie groter en heerliker as die engele.
Wat beteken dit vir jou en my? Erken ek en jy Christus as ons koning? Buig ons in gehoorsaamheid voor Hom of wil ons onsself of iets of iemand anders dien? Gee ons nog ons hele lewe oor aan Hom of leef ons vir onsself.

Daarom kom die skrywer in hoofstuk 2 en sê: As Jesus dan die grootste en heerlikste en finale openbaring van God is, dan moet ons alleen op Hom ag gee! Dan kan en mag ons niks of niemand hoër of meer ag as Jesus nie! As God mense in die Ou Testament so erg gestraf het omdat hulle nie na die openbaringe in die Ou Testament geluister het nie – hoeveel te meer God ons nie straf as ons Jesus verontagsaam nie. Fokus op Hom, glo in Hom, leef in ’n lewende verhouding met Hom – Hy is werklik die alfa en die omega – die eerste en die laaste!

Alles wat Jesus geopenbaar het is volledig en finaal. Die dissipels het dit bevestig met hulle woorde en dade. God self het dit bevestig met wonders en tekens in die tyd van Jesus en daarna en die Heilige Gees kom getuig ook van Jesus.

Ja, ook die Heilige Gees bring niks nuut nie! Hy getuig net van Jesus. Daar is gelowiges wat glo dat die Heilige Gees ons iets nuuts of meer sal leer as wat Jesus geopenbaar het. Daarom soek mense na allerhande nuwe openbaringe of tekens van die Heilige Gees. Hulle sal dit nie vind nie want Jesus se baie duidelik in Joh. 16 dat die Heilige Gees nie nuwe dinge sal openbaar nie maar net sal getuig van wat Hy van Jesus ontvang het.

Geliefde br. en sr. raak jy nog opgewonde oor Christus en wat Hy vir jou gedoen het? Of is jy al so gewoond aan Christus en die verkondiging oor Hom dat jy afgestomp raak in jou geloof? Wanneer Christus in jou oë sy glans (heerlikheid) verloor, verloor jy geloofskrag en vitaliteit.

Kyk dan vanmôre weer met nuwe oë na Hom en gryp vas aan Hom sodat jy kan volhard in die geloof en nie moedeloos word nie.

Amen